

Posbus 7113, Newtonpark, 6055
Telefoon (041) 3651233
Faks (041) 3652586
h/v Willetstraat en 4de Laan, Newtonpark, 6045

Uitnemendheid begin by omgee

NUUSBRIEF 35

18 Oktober 2019

UIT DIE KANTOOR

Geagte Ouers

2020 BEGROTINGSVERGADERING: 17 OKTOBER 2019

Baie dankie aan die ouers wat gisteraand se begrotingsvergadering bygewoon het. Baie dankie ook aan die finansiële komitee wat so goed na die skool se finansies omsien. Hulle het werklik baie moeite gedoen om die skoolgelde so bekostigbaar moontlik te hou. Die voorgestelde skoolgelde vir 2020 is deur die vergadering goedgekeur en is soos volg:

SKOOLGELDE: GRAAD 1 – 7			
	PER JAAR	**10 MNDE**	**11 MNDE**
Eerste kind	R14 700	R 1 470	R 1 337
Tweede kind	R13 400	R 1 340	R 1 219
Derde kind	R 9 300	R 930	R 846
GRAAD R: MAANDELIKS VOORUITBETAALBAAR			
Graad R (Maandeliks vooruit)	R14 700	R 1 470	R 1 337
NASORG: VRYWILLIGE PROGRAM: – KWARTAALLIKS VOORUIT BETAALBAAR			

	PER JAAR	**PER KWARTAAL**	***MUSIEK: MAANDELIKS VOORUITBETAALBAAR***	
13:00/13:30 – 14:00	R 4 860	R 1 215	***PERIODE(S) P/W***	***PER MAAND (10 MNDE)***
14:00 – 17:30	R 7 160	R 1 790	*1*	*R 190*
13:00/13:30 – 17:30	R 8 360	R 2 090	*2*	*R 295*
			3	*R 430*

DAMESTEE
Namens die skool wil ons baie dankie sê aan die OOV en elkeen wat met die damestee saamgehelp het. Dit was ‘n heerlike oggend saam met Ramey Short en sou net moontlik kon wees met elkeen van julle se hulp. Dit word opreg waardeer.

MALVA-STEGGIES VIR ONS TUIN
Ons beoog om ons voorste tuin (hoek van Willetstraat en 4de Laan) op ‘n waterwyse manier ‘n bietjie op te helder en vra dat indien daar enige ouers (of oumas en oupas) is wat kleurvolle malvas by die huis het, u vir ons ‘n steggie skool toe sal stuur saam met u kind(ers) of inhandig by Ontvangs.

FOTO BESTELLINGS 2019 (SPORT- EN KULTUUR FOTO’S)
Die foto’s is vanaf Vrydag, 18 Oktober 2019 tot Maandag, 28 Oktober 2019 in die voorportaal vir besigtiging.
Die bestelvorm is op Donderdag, 17 Oktober 2019 aan u kind gegee.
Voltooi slegs een vorm per huisgesin en stuur dit saam met die oudste/enigste leerling aan die klasonderwyser terug of handig dit by die kantoor voor/op Maandag, 28 Oktober 2019 in. Merk asb, **duidelik** watter foto u wil bestel. Betaling moet bestelling vergesel. Daar sal nie ‘n bestelling vir die foto(s) geplaas word indien die betaling nie saam met die bestelling gestuur word nie.
Die koste van die foto’s: A5 – R 40, A4 – R 50 en A3 – R 70.

TENNIS: OUER-EN-KIND-AAND
Vrydag, 25 Oktober, is dit weer tyd vir ons ouer-en-kind-tennisaand wat om 18:00 onder ligte by die sportveld gehou word. Soos vantevore sal kos en koeldrank te koop wees. Hierdie geleentheid was sover elke kwartaal baie goed ondersteun en ons sien uit daarna om hierdie kwartaal weer ‘n hele rits paartjies op die “baan” te verwelkom.

LAERSKOOL NEWTONPARK FACEBOOKBLAD
Besoek gerus ons skool se amptelike facebookblad, @LaerskoolNewtonpark.co.za, die blad se profielfoto is die skoolwapen. Dis lekker om na foto’s te kyk en met ons leerlinge te spog. Bly ook op hoogte met die nuutste gebeure.

SKOOLGELDE 2019
Baie dankie aan al die ouers wat gereeld hul skoolgelde betaal. Ek wil tog ‘n vriendelike beroep op diegene doen wat agterstallig is, om die verpligting wat betref u kind se skoolgelde, so spoedig moontlik na te kom. Die skool is verantwoordelik vir sy eie rekeninge, want ons kry **minimale** hulp van die staat. Indien daar nie deur ouers gereageer word deur hul skoolgelde te betaal nie, sal die beheerliggaam genoodsaak wees om verdere stappe te neem. Die betaling van skoolgelde is ‘n wetlike verpligting (staatskoerant no. 29311). Indien u in gebreke bly om u skoolgelde te betaal, sal dit wetlik afgedwing word.

ELEKTRONIESE BETALINGS

REKENINGNAAM	**LAERSKOOL NEWTONPARK**
BANK	**ABSA**
REKENINGNOMMER	**1400490089**
TAKKODE	**632005**

Op die verwysing van die inbetaling moet u asseblief die rekeningnommer en/of u kind se naam en van verskaf.
‘n Bewys van betaling moet per e-pos na fin@lnpark.co.za gestuur word.

GEDAGTE VIR DIE WEEK:

Ek verkies altyd om die beste van almal te glo. Dit voorkom soveel probleme.

Rudyard Kipling

JJ. Pienaar
SKOOLHOOF
E-pos: skoolhoof@lnpark.co.za
Tel : 084693531

ALGEMEEN

BELANGRIKE DATUMS VIR VOLGENDE WEEK:
Die volgende **datums moet u asseblief op u kalender aanteken:**

Ma – 21 Oktober	:	Klerewinkel: **07:30 – 12:00** Kuns graad R – 2: **13:30 – 14:30** Kuns graad 3: **14:00 – 15:00** Kuns graad 4 – 7: **14:15 – 15:00**
Di – 22 Oktober	:	Tennis seuns: Grey A teen LNP senior A **(w)** Tennis seuns: LNP senior B teen LNP junior A **(t)** Tennis seuns: Herbert Hurd A teen LNP junior A **(w)** Tennis seuns: Herbert Hurd B teen LNP junior B **(w)** Kuns graad R – 2: **13:30 – 14:30** Kuns graad 3: **14:00 – 15:00** Kuns graad 4 – 7: **14:15 – 15:00** Skaak: graad 1 – 2: **13:30 – 14:15** Skaak: graad 3 – 7: **14:20 – 15:15**
Wo – 23 Oktober	:	Klerewinkel: **12:00 – 14:30** Krieket: 0/13A teen Woodridge **(w)**
Do – 24 Oktober	:	Tennis dogters: LNP senior A teen Clarendonpark C **(t)** Dance Kids-ballet graad R: **13:15**
Vr – 25 Oktober	:	Klerewinkel: **07:30 – 12:00** Eko-Newtons

SPORT & KULTUUR

KRIEKET

DATUM	SPAN	TEEN	UITSLAE
14 Oktober	0/13B Isaac Newtons	Grey Cobras	LNP wen met 10 lopies. Speler van die wedstryd : Jordan Grobbelaar vir die neem van 3 paaltjies Spangees was uitstekend!
15 Oktober	0/9A	Sunridgepark	LNP verloor met ‘n gemiddeld van 5 teenoor 6
15 Oktober	0/9B	Sunridgepark	LNP wen met ‘n gemiddeld van 11 teenoor 3
15 Oktober	0/11B	St. Dominic’s Priory	LNP wen met 10 paaltjies. Speler van die wedstryd : Kian Adlem vir sy 38 lopies nie uit nie

TENNIS

DATUM	SPAN	TEEN	UITSLAE
15 Oktober	LNP A seuns	Clarendonpark A	LNP wen met 6 spelle
15 Oktober	senior B	Lorraine	LNP verloor met 4 potte
15 Oktober	junior B	Summerwood	LNP verloor met 10 potte
17 Oktober	LNP A dogters	Lorraine A	LNP wen met 15 potte

TENNIS: EAST CAPE MINI-SERIES

Die onderstaande leerlinge het die naweek van 5 – 6 Oktober aan die East Cape Tennis Mini-Series deelgeneem en het onder moeilike weersomstandighede hulle baie goed van hul taak gekwyt:

- Migael van Rooyen – 0/10
- Nina van der Merwe – 0/10
- Kayden du Toit – 0/12

Baie geluk!

BAY GAS DASH SUB-YOUTH LEAGUE 2

Chloë Erasmus in graad 7E het Saterdag, 12 Oktober, aan die "Bay Gas Dash Sub-Youth League 2" atletiekbyeenkoms deelgeneem, waar sy ‘n 3de plek in gewigstoot met ‘n afstand van 10.53m behaal en ‘n brons medalje ontvang het.
Baie geluk!

PORT ELIZABETH SKAAKKLUB-OPE

Max von Below in graad 7D het Saterdag, 12 Oktober, aan die P.E. Skaakklub-Ope deelgeneem en ‘n eerste plek (goue medalje) in die sosiale afdeling behaal. Baie geluk!

TWEEKAMP

Juwan Wium in graad 7D het Laerskool Newtonpark op 9 Oktober by die 3de Liga byeenkoms vir Tweekamp, verteenwoordig.
Hy het 4de plek behaal in die 1200m en 1ste plek in die 100m swem.
Algeheel het hy 2de vir die seuns 0/13, geëindig.
Juwan is ook gekies vir die OP 0/13A seuns span om Saterdag, 19 Oktober sy Provinsie by die Interprovinsiale byeenkoms waar Vrystaat en Grens ook deelneem, te verteenwoordig.

Baie geluk en sterkte!

SWEM
Juwan het op 12 Oktober aan die 3de A-Liga Byeenkoms vir swem, deelgeneem en die volgende posisies seuns 13-14jr behaal:
50m Rugslag :2de plek
50m Vryslag : 2de plek
50m Borsslag: 2de plek
100m Borsslag : 4de plek
100m Vryslag: 4de plek
400m Men Medley Relay: 1ste plek
200m Free Relay: 2de plek
Juwan gaan ook op 26 Oktober 2019 Laerskool Newtonpark by die Oostelike Provinsie Skole Swemproewe, verteenwoordig.
Baie geluk en sterkte!

KARATE
Nathan Nel, graad 3B het op 13 September sy geel belt in karate verower.
Hy het ook ‘n silwer medalje by sy klubkompetisie vir basiese vaardighede ontvang.
Baie geluk!